01 Is jy rein deur die bloed

Was jy ooit by Jesus vir die reiniging
Wat daar is deur die bloed van die Lam
Glo jy in genade vir beveiliging
Deur die kosbare bloed van die Lam

Is jy rein deur die bloed
Deur die kosbare bloed van die Lam
Is jou klere vlekloos soos die sneeu so wit
Deur die kosbare bloed van die Lam

Wandel jy nou daagliks met jou Heiland saam
Deur die kosbare bloed van die Lam
Rus jou siel volkome op Sy grote Naam
Deur die kosbare bloed van die Lam

Kom die Bruidegom is al jou klere wit
Rein gewas deur die bloed van die Lam
Is jy ook bereid om aan die fees te sit
Deur die kosbare bloed van die Lam

Lê jou sonde af wat jou nog so besmet
Word gewas in die bloed van die Lam
Die fontein vloei nog wat nou jou siel kan red
Deur die kosbare bloed van die Lam

02 Hy gaan kom op die wolke

Hy gaan kom op die wolke ja dis seker
Elke menslike oog sal Hom sien
As Hy kom bring Hy ook die verlostes
En elkeen wat Hom in waarheid dien

Ek bid U o kom Here Jesus
Kom reinig my hart en my gees
Sodat wanneer U kom op die wolke
Ek gereed vir die bruilof sal wees

03 Sing van Jesus liefde

Sing verloste sing van Jesus liefde
Sing hoe Sy genade red
In die hemelhuis so heerlik
Maak Hy daar ons plek gereed
As ons almal in die hemel
Daardie dag so vol vreugde saam geniet
Sien ons almal Jesus
En sing saam die oorwinnaarslied

Op die aarde wankel ons as pelgrims
Dikwels deur bewolkte lug
Maar eendag sal ons daar aanland
Waar geen wolk is en geen sug

Laat ons dan getrou wees hier op aarde
En ons pligte hier betrag
Dan smaak ons Sy liefde daagliks
En kan loon ook daar verwag

Kom ons strewe na die prys wat voor is
Volg Hom na vir ons behoud
Waar die pêrelpoorte oopstaan
En die strate is van goud

04 As die rol daar afgelees word

Wanneer Gods basuin sal klink en tyd sy laaste tik sal slaan
En die hemelsmôre breek vir ewig aan
As die skaar verlostes daar vergaar om voor die troon te staan
En die rol daar afgelees word is ek daar
    As die rol daar afgelees word
    As die rol daar afgelees word
    As die rol daar afgelees word
    As die rol daar afgelees word is ek daar

Daardie môre sal die dode wat in Christus slaap opstaan
En Sy heerlikheid word hul daar aangedaan
As die uitverkore skare na Sy ewig huis sal gaan
En die rol daar afgelees word is ek daar

Laat ons arbei vir die Meester tot die son hier ondergaan
En vertel Sy wonderwerk aan ons gedaan
As ons dan ons lewe aflê en van arbeid word ontslaan
En die rol daar afgelees word is ons daar

05 My siel verlang so na die hemel

My siel verlang so na die hemel
Daar waar die engele sing en juig
Daar waar die dood nie meer sal heers nie
O daar wil ek wees deur Sy gena'

O wil jy met my same gaan
Wil jy met my same gaan
My reis na Kanaan ver oor die Jordaan
O wil jy met my same gaan

Ons gaan juig daar in die hemel
Ons gaan kroon die Lam geslag
Sal dit daar nie heerlik wees nie
Want die Lam is altyd daar

O wil jy met my same gaan
Wil jy met my same gaan
My reis na Kanaan ver oor die Jordaan
O wil jy met my same ...
Wil jy met my same ...
Wil jy met my same gaan

06 Al die kinders van God

Al die kinders van God
Prys die Heer – Prys die Heer
Al die kinders van God
Prys almal die Heer
    Verbly julle want Jesus kom
    Die dag breek aan - Laat alles staan
    Verbly julle want Jesus kom
    Wees bly – wees bly – wees bly

Geloof wankel nie - wankel nie
Vertrou die Heer
Geloof wankel nie vertrou die Heer
Geloof - Geloof - Geloof en wankel nie

Gaan vertel dat Jesus red
Gaan vertel dat Jesus red
Gaan vertel die storie van sy koms en glorie
Gaan vertel dat Jesus red

07 Kom loof die Heer

Kom loof die Heer alle knegte van die Heer
Wat snags in die huis van die Here staan
Hef op julle hande na die heiligdom
En loof die Heer en loof die Heer

Ek hef my stem in lofsang tot u Naam
Ek gee my oor dat U my kan bekwaam
Kom vul my hart - Here Jesus doen dit nou
Sodat U grootheid voor my oë ontvou

Dan sing ek : Halleluja - Halleluja
Lof en ere aan u Naam
Dan sing ek : Halleluja - Halleluja
Lof en ere aan u Naam

08 Jesus Naam - Keurspel

Jesus is die soetste naam vir my
En Hy's altesaam soos sy wondernaam
Daarom het ek Hom so lief gekry
Want Jesus is die soetste naam vir my

Soetste naam in engelekring
Soetste naam vir sterweling
Soetste loflied ooit gesing
Jesus dierb're Jesus

Dit roer my siel wanneer ek dink aan Jesus
Die wondernaam wat slawe kan bevry
Die enigste naam wat my verlos van sonde
Dit is die naam van Jesus Koning Heer

Sy naam is Jesus - Sy Naam is Jesus
Sy naam is Jesus en ek min Hom so
O ek aanbid Hom - Buig neer hier voor Hom
Sy naam is Jesus en ek min Hom so

09 Die Here is my Herder

Die Here is my Herder
Niks sal my ontbreek nie
Hy laat my neerlê in groen weivelde
Na waters waar rus is lei Hy my heen
Na waters waar rus is lei Hy my heen

Baie diep haal Hy my uit
Baie diep haal Hy my uit
Hy plant my voete op 'n ewige rots
Baie diep haal Hy my uit

Net goedheid en guns sal my volg al die dae
Al die dae - Al die dae wat ek leef
En ek sal woon in die huis van my Heer vir ewig
Ek sal aansit aan die feesmaal berei vir my

10 Blink Môrester - Lof keurspel

Ons bring U Heer Immanuel die lof en eer
Jesus U is ons sterke God en Vredevors
U sterf vir ons as Middelaar - versoening te bring
Blink Môrester die Lelie van die dale
Blink Môrester die Lelie van die dale

Heer om U as God te loof is ons hier saam
In aanbidding buig ons neer en prys U Naam
'n Kroningslied wil ons sing - ons hande ophef en lof bring
Heer om U as God te loof is ons hier saam

Met my hande omhoog (Met my hande omhoog)
Met my mond sal ek loof (Met my mond sal ek loof)
Uit my hart sal ek sing (Uit my hart sal ek sing)
'n Lof-offer bring

Aan my Jesus wat leef (Aan my Jesus wat leef)
En my Vader wat heers (En my Vader wat heers)
Uit my hart sal ek sing (Uit my hart sal ek sing)
'n Dankoffer bring

Eer aan God die Vader Eer aan God die Seun
En aan U o Gees van God Deur al die eeue heen
Amen - Amen - Amen - Amen

11 Sy bloed verlos

God gee sy Seun om aan 'n kruis
My sondeskuld te dra
Sy bloed betaal die offerprys
Die prys wat die Vader vra

Sy bloed verlos uit satansmag
Sy bloed maak slawe vry
Die grootste sondaar maak Hy vry
Sy bloed verlos ook my

O had ek duisend stemme meer
Sing hulle almal saam
Die lofsang van my Heer en God
Die roem van Jesus naam

Saam met die ganse engeleskaar
Hef ons 'n loflied aan
Verlos en gewas deur Jesus bloed
Kan ons voor God's troon staan

Vreugde om rein deur Jesus bloed
Voor God se troon te staan

12 Net soos ek is

Net soos ek is - Geen hulp naby
Alleen U bloed gestort vir my
Getrek tot U deurboorde sy
O Lam van God ek kom - Ek kom

Net soos ek is - Ek wag nie meer
Ek kom hoe vuil bevlek o Heer
En werp my aan U voete neer
O Lam van God ek kom - Ek kom

Net soos ek is ellendig blind
Soms soos die wêreld nog gesind
In U alleen is heil te vind
O Lam van God ek kom - Ek kom

Net soos ek is nooi U vir my
Vergewe reinig en bevry
Op U belofte steun ek bly
O Lam van God ek kom - Ek kom

13 Ewig Rots geklief vir my

Ewig' Rots geklief vir my
Laat my skuiling in U kry
Laat die water en die bloed
Uit U sy die lewensvloed
Oor my vloei om my te red
My te reinig en ontsmet

Met geen goeie werk of wil
Kon ek ooit U wet vervul
Sou my ywer altyd groei
Sou my trane altyd vloei
Dit kan sonde nooit versoen
U alleen Heer moes dit doen

Leeg kom ek met hande oop
In U kruis is al my hoop
Totdat ek daar by U woon
En ek sien U op U troon
Rots van eeue geklief vir my
Laat my skuiling in U kry

Rots van eeue geklief vir my
Laat my skuiling in U kry

14 Ek sal sing van my Verlosser

Ek sal sing van my Verlosser
En sy wonder-liefd’ vir my
Aan die wrede kruishout sterf Hy
Van die vloek maak Hy my vry

Sing o sing van my Verlosser
Met Sy bloed verlos Hy my
Aan die kruis doen Hy versoening
Dra my skuld en maak my vry

Ek vertel die wondertyding
Ek was verlore maar Hy red
In sy groot gena en liefde
Het Hy al my skuld gedek

En nou prys ek my Verlosser
Sy oorwinningskrag is groot
Hy maak ons ook self oorwinnaars
Oor die sonde hel en dood

15 U is waardig om die boek te neem

U is waardig om die boek te neem
En sy seëls oop te maak
Want U het ons met U bloed gekoop
Uit elke stam en nasie volk en taal

Halleluja - Halleluja
Duur gekoop deur Jesus bloed
Halleluja - Halleluja
Ons is duur gekoop deur Jesus bloed

16 As Hy weer kom

As Hy weer kom - As Hy weer kom
Kom haal Hy sy pêrels
Al sy pêrels fraaie pêrels
Vir Jesus se kroon

Al die kindergesiggies
Soos die sterre se liggies
Is die hemel se pêrels
Vir Jesus se kroon

Vir die hemel - Vir die hemel
Sal Hy hul versamel
Al die skones die gewastes
Vir Jesus se kroon

Al die kinders - Al die kinders
Vol liefde vir Jesus
Is die pêrels kosb're pêrels
Vir Jesus se kroon

17 Liefde red my

Diep sink ek in sonde neer
Ver van die vredestrand
Dieper sink ek elke keer
Nooit kom ek weer op land
Maar die Meester hoor my stem toe ek wanhopig roep
Vanuit die diepste modderslyk red Hy my uit

Liefde red my - Liefde red my
Toe ek so wanhopig was red liefde my
Liefde red my - Liefde red my
Toe alles wanhopig was red liefde my

Ek gee Hom my hart geheel - En ek bly aan Sy sy
In Sy liefde wil ek deel - Dan prys ek Hom so bly
Want Sy liefde was so groot - Ek wil net daarvan sing
Al my dienste wil ek Hom - Getrou ook bring

Siel in doodsgevaar ontwaak - Jesus roep ook vir jou
Laat Sy liefde jou ook raak - Hy wil jou siel behou
Hy die Meester kan gebied - Alles buig voor Sy mag
Hoor Sy stem dan red Hy jou - Ook nog vandag

18 Die ou ruwe kruis

Op 'n heuwel daar ver staan 'n ou ruwe kruis
'n Teken van skande en pyn
Ek bemin die ou kruis waar Gods dierbare Seun
Vir 'n wêreld van sonde moes ly
Ek bemin daardie ou ruwe kruis
Tot ek voor Hom my skatte vertoon
Ja ek klem aan die ou ruwe kruis
En verruil dit eendag vir 'n kroon

O die ou ruwe kruis deur die wêreld versmaad
Laat 'n wonderbaar trek vir my na
Want die dierbare Lam het die hemel verlaat
En Hy dra dit tot op Golgota

In die ou ruwe kruis so vol heilige bloed
Is 'n heerlik vooruitsig vir my
Want aan daardie ou kruis smaak my Heiland die dood
Om vir my van my skuld te bevry

Aan die ou ruwe kruis bly ek altyd getrou
Sy skande bring blydskap vir my
Tot Hy my eendag roep na my huis wat Hy bou
Om vir ewig by Hom te kan bly

19 Hy vind my

Hy vind my - Hy vind my
Ek was so ver verdwaal
Hy lei my - Hy lei my
Terug na die weg so smal

Hy red my - Hy red my
O ek was tog so bly
Hy was my rein in die heilfontein
My sonde het daar gebly

Twyfel nie meer vertrou die Heer
Hy stel jou nooit teleur
Al is jou nood ook nog so groot
Jesus help altyddeur

Sing o sing as die sonskyn lag
Sing o sing deur die donker nag
Waar ons gaan sit of staan
Laat ons sing sing sing

20 Kom ons sing van Sy liefde en trou

Kom ons sing van Sy liefde en trou
Van die liefde wat nimmer verflou
Van die bloed van die Lam eens geslag
Tot ons Hom ewig loof daardie dag

Daar is lewe en redding so vry
En genesing vir almal wat ly
Daar is blydskap wat ewig sal bly
Deur die bloed voor Gods troon nou te kry

Ja ek glo Jesus red
En Sy bloed was my witter dan sneeu
Ja ek glo Jesus red
En Sy bloed was my witter dan sneeu

Ons geniet nou Sy liefde hier saam
En dit vul ons met lof vir Sy Naam
Maar hoe sal dit wees in die skaar
As ons juig voor die Lam eendag daar

Ons volhard in Sy Naam tot Hy kom
En Hy bring ons die ewige rus
In Sy lieflikheid sien ons vir Hom
In Sy huis op die salige kus

21 Geanker in Jesus

Hier op die lewensgolwe van die magtige oseaan
Het ek my siel geanker in Jesus my Heer
Beproewings die omring my en storms val my aan
Ek rus in sy genade en vertrou Hom meer

Geanker in Jesus kan ek deur storms gaan
Geanker in Jesus as die golwe om my slaan
Geanker in Jesus in sy krag kan ek bly staan
Geanker in die Rots van die eeue

Hy lei my uit gevare - Hy gee my vrede soet
Sy stem bring altyd stilte en rus in my gemoed
Want Hy bestuur my lewe - Hy ken die mens so goed
En wanneer ek Hom aanroep is Hy gereed